

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 3/2023
16 Februarie 2023

☎ 012 661 2341 🖷 012 661 2340
college@midstreamcollege.co.za

## Skoolsake

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ek wil graag al ons swemmers en onderwysers wat Maandag by die A-liga-interhoërswem betrokke was met ons span se wonderlike vertoning gelukwens. Hulle het ons trots gemaak en is as naaswenners in die groter Pretoria-omgewing gekroon. ‘n Spesiale saluut aan Adrian van Wyk en Lance Cromhout wat op die dag onderskeidelik as junior en senior Victor Ludorum gekroon is. 'n Bykomende bonus op die dag was die feit dat ons ook in die geeskompetisie die podium gehaal het.

Op hierdie noot wil ons ook ons atlete sterkte toewens vir die oorblywende byeenkomste met die interhoër volgende Vrydag wat natuurlik die kersie op die koek is. Die gees op die pawiljoen vorm ‘n groot deel van die A-bond en ons hoop om so veel as moontlik toeskouers saam te neem. Hierdie is waarlik ‘n Carpe Diem-oomblik, ‘n geleentheid wat leerders nie moet misloop nie.

Ons het volgende Donderdag aandskool en gevolglik sal daar Maandag 27 Februarie geen skool wees nie. Daar is wel wintersportproewe en -oefeninge vir hoofsaaklik die middag geskeduleer.

Ek wil afsluit deur elke leerder, ouer en onderwyser vir hul bydrae tot die eerste vyf weke van die jaar te bedank. Op alle gebiede, die akademie ingesluit, het sake teen ‘n stywe pas begin. Vergun my die geleentheid om die personeel in besonder te bedank deur met ons terreinpersoneel te begin wat seker maak dat ons wonderlike terrein en fasiliteite in ‘n puik toestand bly. Baie dankie ook aan elke onderwyser wat in hierdie tyd spreekwoordelik die kers aan beide kante gebrand het met laat aande en Saterdae by die graad 8’s, atletiek, redenaars en die Valentynsbal. Tong in die kies hoop ek julle geniet die maand van liefde. Ek sluit graag op die volgende positiewe noot af:

> There comes a time in your life, when you walk away from all the drama and people who create it. You surround yourself with people who make you laugh. Forget the bad and focus on the good. Love the people who treat you right, pray for the ones who do not. Life is too short to be anything but happy. Falling down is a part of life, getting back up is living.

## UBER

Die Onafhanklike Skolevereniging van Suid-Afrika (ISASA) het skole aangeraai om die volgende aan ouers oor die gebruik van Uber te kommunikeer:

- Ouers moet hulself vergewis van Uber se bepalings en voorwaardes wat bepaal dat die diens nie beskikbaar is vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie, tensy hulle van 'n volwassene vergesel word.
- Die skool sal nie aanspreeklik wees vir enige voorvalle as gevolg van die gebruik van Uber deur leerders nie.

# AKADEMIE

## VAKKEUSE VIR GRAAD 10 (2024)

U kind se finale vakkeuse, wat noodwendig aansluit by sy/haar latere studierigting en beroepskeuse, is waarskynlik een van die belangrikste keuses in sy/haar lewe. ‘n Verkeerde keuse lei tot ongemotiveerdheid en onderprestasie. Benewens die fokus in die graad 9-LO-kurrikulum, het die skool ook dr Mari Laas (mari@careercounsel.co.za), me Elsabè Botha (elsabe@embotha.co.za) en me Marli Jonker (jonkermarli58@gmail.com) se dienste bekom om die toepaslike toetse saam met die leerders wat belangstel, af te lê. Die volledige assessering sluit toetse in om aanleg, belangstellings en werksetiek te bepaal. Na afloop van hierdie assessering sal u kind 'n omvattende verslag op grond van die resultate ontvang, insluitend aanbevelings rakende die keuse van vakke. Hierdie terugvoer sal per afspraak plaasvind. Daarbenewens sal 'n lys van moontlike loopbane, volgens die kind se belangstellingsprofiel, ook ingesluit word om as riglyn te dien.

Kontak hulle asseblief per e-pos, indien u hierdie dienste wil bekom. As verwysing, gebruik u Midstream en u kind se naam en van. Die koste vir hierdie diens is direk aan die diensverskaffer betaalbaar. U is ook welkom om ‘n diensverskaffer van u keuse te gebruik.

Ons vakkeuse-inligtingsaand is op 17 Augustus. U kind se finale vakkeuses moet teen Maandag 21 Augustus ingehandig wees.

# KULTUUR

## INTERNE REDENAARS (HUISTAAL): VOORBEREID

Geluk aan die volgende leerders wat as graadwenners aangewys is:

| | ENGLISH – PREPARED | AFRIKAANS – VOORBEREID |
|---|---|---|
| Plek | Graad 8 | Graad 8 |
| 1ste | Lisa Rautenbach | Lukas Combrinck |
| 2de | MH Sahib and Adam Marincowitz | Lisa Rautenbach |
| 3de | Lisa Strauss | Milan Pöhl |
| | Graad 9 | Graad 9 |
| 1ste | Kashvi Chathury | Lené Liebenberg |
| 2de | Lené Liebenberg | Lourens Janse van Rensburg |
| 3de | Reuben Blom | Megan le Roux |

| | Graad 10 | Graad 10 |
|---|---|---|
| 1ste | Chad Dlamini | Katinka Rhoodie & Anika Malan |
| 2de | Renate Maré | Zoë Oosthuisen |
| 3de | Shayur Vather | Tiana Swart |
| | **Graad 11** | **Graad 11** |
| 1ste | Sedibana Ngoasheng | Mieke Combrinck |
| 2de | Rea Machogo | Xander Senekal |
| 3de | Julia Potgieter | Kristen Knoetze |
| | **Graad 12** | **Graad 12** |
| 1ste | Noluthando Khomo | Leané Claasen |
| 2de | Tamizh Govender | Simoné Swart |
| 3de | Zoë Joubert | Ilana Moolman |

## INTERNE REDENAARS AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VOORBEREID

Geluk aan die volgende leerders wat as graadwenners aangewys is:

| Plek | Graad 8 |
|---|---|
| 1ste | Adam Marincowitz |
| | **Graad 10** |
| 1ste | Alex Brits |
| 2de | Louis Verhoef |
| 3de | Kamo Mokoene |
| | **Graad 11** |
| 1ste | Sedibana Ngoasheng |
| 2de | Ntee Puling |
| | **Graad 12** |
| 1ste | Zoë Joubert |
| 2de | Maserati Mabase |

## ALGEHELE WENNERS: INTERNE REDENAARS - VOORBEREID

Geluk aan die volgende leerders wat as algehele wenners aangedui is:

| JUNIORS | ENGLISH | AFRIKAANS HT | AFRIKAANS EAT |
|---|---|---|---|
| 1ste | Lisa Rautenbach | Lukas Combrinck | Alex Brits |
| 2de | Chad Dlamini | Katinka Rhoodie & Anika Malan & Lené Liebenberg | Adam Marincowitz |
| 3de | Renate Maré | Lisa Rautenbach | Louis Verhoef |
| **SENIORS** | **ENGLISH** | **AFRIKAANS HT** | **AFRIKAANS EAT** |
| 1ste | Noluthando Khomo | Mieke Combrinck | Zoë Joubert |
| 2 de | Sedibana Ngoasheng | Leané Claasen | Sedibana Ngoasheng |
| 3 de | Rea Machogo | Simoné Swart | Maserati Mabase |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: KULTUUR

### SIMFONIA JUVENTI

Caitlin Arendse is as lid van Simfonia Juventi gekies. Welgedaan.

# SPORT

## SWEM

Te midde van die welkome, maar ontwrigtende reën, kon die jaarlikse A-bondinterhoërgala die afgelope Maandag by Hillcrest plaasvind. Ons is baie trots op ons swemspan wat algeheel tweede geëindig het, terwyl ons leerders die swemmers uitstekend ondersteun het en derde in die geeskompetisie geëindig het. 'n Verdere veer in die spreekwoordelike swemhoed is die feit dat ons beide die junior en senior Victor Ludorum-trofeë in die seunskompetisie gewen het. Baie geluk aan onderskeidelik Adrian van Wyk en Lance Cromhout.

Die volledig spanuitslag was:

| | |
|---|---|
| Menlopark | 961 |
| **Midstream** | **811** |
| Cornwall Hill | 654 |
| Zwartkop | 538 |
| Garsfontein | 529 |
| Waterkloof | 487 |

## KRIEKET

Onlangse uitslae is soos volg:

| **Opponente en Uitslag** | **Kommentaar** |
|---|---|
| **o. 14A** | |
| Midstream 111/4 Hans Moore 93/6<br>Wen met 19 lopies | Matthew Wiggill 3/23 in 4 beurte<br>Ruben Howatt 44 |
| **2de** | |
| Midstream 116 /5 Hans Moore 117/3<br>Verloor met 8 paaltjies | Grant Muller 1/26<br>Conré van den Berg 1/31<br>Louis Verhoef 34<br>Edrich Botha 29 |
| **o. 14B** | |
| Midstream 139/3 Montana 117/6<br>Wen met 22 lopies | Stefan Jute 55<br>Johann Boshoff 46 & 2/7 in 3 beurte |

## ATLETIEK

**Tuks Prestige Top 10**

26 atlete het by LC de Villiers deelgeneem en Midstream het algeheel 15de geëindig.

Individuele prestasies (800+ op die ASA-tabel):

| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt |
|---|---|---|---|
| Sandile Modise | Seuns 16 | 200 m | 804 |
| Ashley Williams | Meisies 19 | 200 m<br>400 m | 843<br>827 |
| Hilton Thomas | Seuns 19 | 200 m<br>400 m | 808<br>857 |
| Danielle Rossouw | Meisies 17 | 800 m | 806 |

| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt |
|---|---|---|---|
| Lente Groenewald | Meisies 16 | 800 m | 823 |
| Xavier van der Leek | Seuns 17 | 1 500 m<br>3 000 m | 896<br>860 |
| Juan Breytenbach | Seuns 17 | 1 500 m<br>3 000 m | 854<br>891 |
| Eben de Wit | Seuns 19 | 1 500 m | 826 |
| Rupert Groenewald | Seuns 14 | 3 000 m | 859 |
| Zabine von Westernhagen | Meisies 17 | 3 000 m | 837 |
| Justin Hattingh | Seuns 19 | 110 m-hekkies | 806 |
| Anika le Roux | Meisies 17 | 400 m-hekkies | 818 |
| Anushke Niemand | Meisies 19 | 400 m-hekkies | 800 |
| Amy Nel | Meisies 14 | Gewigstoot | 810 |

**Noordheuwel Top 15**

Individuele prestasies: (800+ op die ASA-tabel):

| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt |
|---|---|---|---|
| Carmia van den Berg | Meisies 14 | 3 000 m | 814 |
| Caitlin Arendse | Meisies 15 | 3 000 m | 811 |
| Luca Jankovic | Seuns 17 | Verspring | 814 |
| Amy Nel | Meisies 14 | Gewigstoot | 804 |

Ons wag op die finale uitslae van die D4-distrikkampioenskap wat vroeër by Eldoraigne plaasgevind het. Sterkte ook aan ons atlete wat nog aan die volgende byeenkomste gaan deelneem:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1) | Overkruin | Vrydag 17 Februarie | Atletiekspan |
| 2) | Curro Podium Top Skole | Saterdag 18 Februarie | Top 30-atlete |
| 3) | A-bondinterhoër (Pilditch) | Vrydag 24 Februarie | Atletiekspan |

## RUITERSPORT

Die uitslae van die Gauteng Ekurhuleni SANESA-Kwalifiseerder 1, is as volg:

| Ruiter | Dissipline | Plek |
|---|---|---|
| Abbi Howarth | Elementary dressage test 1 and 2 | 1ste & 2de |
| | 1 m show jumping 2-phase | 5de |
| Michelle du Preez | Novice dressage test 1 | 1ste |
| | Novice dressage test 2 | 1ste |
| | Working riding | 2de |
| | Performance riding | 3de |
| Carmia van den Berg | Performance three gated qualifier 1 & 2 | 1ste |
| | Equitation with a test qualifier 1 & 2 | 1ste |
| Kiara Kok | Show jumping 70 cm 2-phase & normal competition | 1ste & 3de |
| | Dressage test 1 | 10de |
| | Dressage test 2 | 6de |
| Daniella de Vries | Show jumping 90 cm | 1ste |
| | Equitation 80 cm | 2de |

| Ruiter | Dissipline | Plek |
|---|---|---|
| Kynan van Zyl | Vaulting | 1ste |
| | Eventing | 1ste |
| | Working hunter | 2de |
| | Dressage | 5de & 6de |
| | Show jumping 1 m competition | 5de |
| | Show jumping 1 m 2-phase | 1ste |
| | Show jumping 80 cm 2-phase | 5de |
| | Show jumping 80 cm competition | 4de |
| Louis Verhoef | Dressage elementary medium test 1 and test 2 | 1ste |
| Jodi Slade | Equitation 70 cm | 1ste |
| | Working hunter 70 cm | 1ste |
| | Novice dressage | 2de |
| | Show jumping 70 cm | 3de |
| Genevieve Chirkoot | Show jumping 70 cm 2-phase | 9de |

## TENNIS

Baie geluk aan ons o. 15-seunspan wat onlangs aan die Boland Landboutoernooi in die Paarl deelgeneem en algeheel 7de uit 14 skole geëindig het. Jayden Summers, ons no. 1-speler, het al sy enkelspelwedstryde gewen.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

### BINNEHUISE NETBAL

Geluk aan Tamika Naidoo (graad 8) wat in Desember 2022 vir die Gauteng-Noord o. 14-span gekies is en in Maart aan die interprovinsiale toernooi gaan deelneem.

### SKAAK

Arun Gounder (graad 8) het 'n individuele bordprys saam met sy span se goue medalje tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskap in Desember 2022 gewen. Hy het ook aan die individuele Wild Card-kompetisie deelgeneem en met sy derde plek sy deelname aan die SA Geslote Junior Kampioenskap in April 2023 verseker. Baie geluk.

### MUURBAL

Baie geluk aan Awande Malinga (graad 12) en Elzandri Janse van Rensburg (graad 9) wat onderskeidelik 7de en 11de in die Professional Squash Association se seniortoernooi te Wanderers geëindig het.

**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 2 Maart 2023